Posbus 14074
Vorna Valley
1686

Vir aandag: Charl van der Westhuizen

Faks: 012 342 1176

RE: AKKREDITASIE CLT

Gedurende my betrokkenheid by SAQA vanaf 2000 tot 2005, was ek verantwoordelik vir die akkreditasie proses van privaat hoëronderwys instellings. Die proses was 'n interim proses wat onderneem is om akkreditasie te vestig en dan te oorhandig aan kwaliteitsowerhede (ETQAs) wat geskep sou word vir hierdie doel. In hierdie interim periode is CLT geakkrediteer wat 'n geldige akkreditasie was. In 2003 is die akkreditasieproses oorhandig aan die Council on Higher Education (CHE) met wie CLT verdere samesprekings gehad het waarby ek ook betrokke was. Die CLT model was 'n vreemde een vir die CHE wat meestal gefokus was op 'n model wat geskoei was op hoe 'n universiteit funksioneer.

CLT Studente het dus in hierdie periode geakkrediteerde programme gevolg en geldige kwalifikasies ontvang. Kennis verwerf by wyse van die huidige kortkursusse is oordraagbaar na ander instellings by wyse van die Recognition of Prior Learning (RPL) proses waarby kennisvlak geassesseer word of vir toelating in 'n leerprogram of vir plasing binne 'n leerprogram.

Groete

Dr Loffie Naude

ONTVANG
2005 -12- 01
RECEIVED

VAN DER WESTHUIZEN & PARTNERS INC.
1166 Park Street, Hatfield, Pretoria
Postnet Suite 466, Privatebag X 15
Menlo Park, 0102
Tel: (012) 342 1175 / Fax: (012) 342 **1176**
e-mail: info@westatts.co.za